Eikestad Nuus 16.7.2010

Kennisgewing uitgereik vir 'ongemagtigde kweekhuise'

DIE Stellenbosch Munisipaliteit het onlangs 'n kennisgewing uitgereik aan die eienaar van die grond waarop die Zetler-familie hul kweekhuise opgerig het.

Die eiendom langs die Polkadraaipad, behoort aan mnr. Jannie Joubert en sy broer Lukas van Beau Joubert Vineyards & Winery. Die Zetlers huur die grond by die Jouberts en het reeds kweekhuise vir hul aarbeilanderye op dié grond opgerig.

Menige wynboer in die omgewing kla al vir maande lank oor dié kweekhuisontwikkeling en glo dat dit die hele wynlandskap ontsier.

Volgens mnr. Vernon Bowers, 'n munisipale woordvoerder, het hulle 'n kennisgewing uitgereik en die eienaar opdrag gegee om geskrewe toestemming vir die bouwerk by die plaaslike owerhede te verkry.

Die kennisgewing is op 25 Junie uitgereik en die eienaar kry 30 dae om skriftelik aansoek te doen.

Daar is wel ook 'n vergadering met beide die Jouberts en die Zetlers gehou om die proses te verduidelik, en albei het onderneem om die aansoek in tyd in te handig.

Indien die aansoek in die gespesifiseerde tydperk ontvang word, sal 'n publieke deelnameprôses met al die betrokke partye gevolg word.

Indien die kennisgewing egter geïgnoreer word, sal die saak aan die Munisipaliteit se regsafdeling oorhandig word.

- Samantha van den Berg